Saterdag 26 Mei

Skrifgedeelte: Jakobus 3:13-18	**Fokusgedeelte: Jakobus 3:13-18**

Die wysheid van Bo

Wysheid van Bo is nié dieselfde as intelligensie (IK) of algemene kennis nie. Dit is die kuns om sinvol en gelukkig te lewe, ’n lewenstyl volgens die wil van God, dit wil sê vol vrede, medelye, bedagsaamheid en liefde.

’n Ander manier van kyk

Dié wysheid sien goeie kwaliteite in medemense raak, soos onpartydigheid, vredeliewendheid, bedagsaamheid, medelye, vrede, opregtheid. Dit is die teenoorgestelde van die “wysheid van die duiwel” – wat aards, naywerig, sinlik en selfsugtig is.

Hoe kry mens dit?

Is dit iets natuurliks – is sekere mense net eenvoudig meer vredeliewend en bedagsaam as ander? Nee, glad nie, daar is nie iets soos “goeie mense en slegte mense” nie. Alle mense sondig. Die wysheid van Bo word gevind in ’n lewende verhouding met God. Ten diepste is die Seun van God, Jesus Christus, Persoonlik die bekendmaking van God se wysheid – Hy is tegelykertyd waaragtig God én mens. Hy is die volmaakte Mens – son-der sonde.

Prakties

Dalk ken u ’n “wyse en verstandige mens” (vs 13) – ’n familielid, kollega of vriend? Ie-mand wat respek afdwing, na wie ander opsien – sagsinnig, stil-sterk, nederig, bedag-saam, vol van die Gees van God. So iemand is ’n gawe van God aan u gemeente en ge-meenskap. Volg haar/hom na, en u sal algaande ook in die wysheid van Bo toeneem.

Sing: Skrifberyming 1-2:1, 2, 3

Ds. Johan Botha (Emeritus)